

## **AAN ALLE GEAFFEKTEERDE PERSONE**

**12 Desember 2012**

Geagte Meneer / Me.

### **HIGHVELD SYNDICATION 15 – 22 BEPERK (“ALMAL ONDER ONDER-NEMINGREDDING”)**

#### **("DIE SINDIKASIEMAATSKAPPYE")**

### **JONGSTE INLIGTING AANGAANDE DIE ONDERNEMINGREDDINGSPROSES DEUR DIE ONDERNEMINGREDDINGSPRAKTISYN ("ORP")**

1. Amper 'n jaar het verloop sedert die goedkeuring van die Ondernemingreddingsplan. Ons kondig met genoeë aan dat die Direksie van Orthotouch Beperk deur die aanstelling van twee bykomende direkteure, mnr. Cas De Villiers en mnr. Heynie Van Loggerenberg, versterk is. Hul CV's sal op die Orthotouch-webblad beskikbaar gestel word.
2. Mnr. De Villiers is aangestel as Orthotouch se Direksievoorsitter, en mnr. Van Loggerenberg as 'n lid van die Ouditkomitee.
3. Ons is dankbaar om verslag te kan doen dat alle rentebetalinge vir HS 15 – 21 tot en met 7 November 2012 op datum is, ten spyte van die uitdagings wat ons die afgelope jaar ervaar het.
4. Ons werp tans alles in die stryd om te verseker dat die beleggers in HS 22 se agterstallige rente en die rente vir Desember 2012 so gou moontlik betaal word.
5. Ons doen alles in ons vermoë om te verseker dat beleggers in 2013 deurlopend hul maandelikse rente stiptelik sal ontvang.
6. Ons bevestig ook dat die rentekoerse vanaf Januarie 2013 met 0,25% per jaar verhoog sal word.
7. Ons wil dit graag op rekord plaas dat ons rentebetalinge heeltemal op datum sou wees, as dit nie was vir die feit dat 'n groep beleggers of adviseurs in 'n anonieme hoedanigheid ons onderhandelinge met 'n bank beduiwel het nie. Hierdie individue, wat voorgee om die belange van beleggers op die hart te dra, poog voortdurend om ons soeke na 'n blywende oplossing deur slinkse metodes

in die wiele te ry. Ons glo egter dat hulle sal misluk en dat die belange van beleggers beskerm sal word ten spyte van hul smeerveldtogte en ander geheime aktiwiteite.

8. Ingevolge die hersiene sakeplan wat onlangs deur Orthotouch se Direksie goedgekeur is, het Orthotouch besluit om deel te neem aan 'n strategiese skuif van die Georgiou-groep om 'n portefeulje van ongeveer R7.6 miljard op die Johannesburgse Effektebeurs (JEB) te noteer. Hierdie kommersiële eiendomsportefeulje sluit Fourways Mall (een van die land se voorste kommersiële ontwikkelings in die Noorde van Johannesburg) en R2.9 miljard van Orthotouch se eiendomme in. Die notering sal D.V. in April 2013 plaasvind. Die doel van hierdie transaksie is om Orthotouch in staat te stel om likiede (verhandelbare) aandele te bekom, wat die Highveld Sindikasiemaatskappye *pro rata*-eienaars in 'n likiede, verhandelbare en JEB-genoteerde aandeleportefeulje sal maak.
9. As gevolg van hierdie transaksie, sal 'n groot gedeelte van Orthotouch se bates in aandele in die genoteerde entiteit omskep word, wat goed gereguleerd sal wees, aangesien die JEB een van die best gereguleerde aandelebeurse in die wêreld is.
10. Fourways Mall en die eiendomme wat ingesluit is in die Fourways Distrik is die vlagskip-eiendomme agter die notering en sal beduidende belangstelling onder beleggers wek. Die nuwe transaksie se verwagte opbrengs is meer as 8.0%.
11. Die notering op die JSE bied groot voordele ten opsigte van likiditeit, aangesien Orthotouch se bates, in die vorm van genoteerde aandele, meer bemerkbaar sal wees en dus makliker wees om mee handel te dryf. Daar word verwag dat kapitaal van plaaslike en internasionale beleggers maklik verkry sal word en dat 'n notering op die JEB – weens sy status as 'n reguleerder van wêreldgehalte – ekstra sekuriteit aan beide plaaslike en internasionale beleggers sal gee.
12. Die balans van Orthotouch se bates, wat hoofsaaklik uit ontwikkelingseiendomme bestaan, sal binne Orthotouch behou word. Die oordrag van die eiendomme na Orthotouch sal gereguleer word as aanvullend tot die formele noteringsproses. Hierdie eiendomme sal onbeswaard wees en hul groeipotensiaal sal aktief nagestreef word – wat hul waarde verder sal verbeter, tot die voordeel van beleggers.

13. Die direkteure van Orthotouch sal u op die hoogte hou van verwickelinge met hierdie aangeleentheid. Ons sien uit na die moontlikhede wat die transaksie bied en is van mening dat dit die beste moontlike resultaat vir beleggers bied.

Die uwe

**J F KLOPPER**

**Ondernemingreddingspraktisyn van Highveld Syndication-maatskappye**